SA GEMEENTE
SA CONGREGATION





# God is net 'n gebed vêr

# Tema vir die Maand
## Romero's Prayer

It helps, now and then, to step back and take a long view.
The kingdom is not only beyond our efforts, it is even beyond our vision.
We accomplish in our lifetime only one a tiny fraction
of the magnificent enterprise that is God's work.
Nothing we do is complete,
which is a way of saying that the kingdom always lies beyond us.
No statement says all that could be said.
No prayer fully expresses our faith.
No confession brings perfection.
No pastoral visit brings wholeness.
No program accomplishes the church's mission.
No set of goals and objectives includes everything.
This is what we are about.
We plant the seeds that one day will grow.
We water seeds already planted, knowing that they hold future promise.
We lay foundations that will need further development.
We provide yeast that produces far beyond our capabilities
We cannot do everything, and there is a sense of liberation
in realizing that. This enables us to do something, and to do it very well. It may be incomplete,
but it is a beginning, a step along the way, an opportunity for the Lord's grace to enter and to do the rest.
We may never see the end results, but that is the difference between the master builder and the worker.
We are workers, not master builders, ministers, not messiahs.
We are prophets of a future not our own.
Amen.

Archbishop Oscar Romero



SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Maandelikse Bybel Bespreking

## IN Gebed

Almal bid. Daar was al bitter min tye in die geskiedenis met groter belangstelling in gebed as vandag. In huise regoor die wêreld klink gebede uit die monde van verskillende gelowe en groepe. Elkeen op hulle eie manier.

Wat leer ons uit hierdie universele soeke? Is daar ‘n gemeenskaplike doelwit? Baie glo dat dit die gevolg is van wat Augustinus genoem het: “*Die Godgeskape vacuum in die mens*”. Die menslike hart hou aan om in pyn en smart te roep en te werk, todat daardie 'vacuum' gevul word. Elke mens hunker in sy siel na gemeenskap met God. Gebed is ons poging tot vervulling van ons soeke en hunkering. Tog ondervind ons ook hierin uitdagings en is daar verwarring oor ons gebede tot God.

Ek wil jou uitnooi om oor die volgende maand tyd te maak om *In Gebed* te spandeer. Om In Gebed te dink, te oorweeg en te leef. Om In Gebed te verdiep en om te groei en jou lewe te verryk.

Andrè



SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

**IN HIERDIE UITGAWE**


GESAMENTLIKE PAASDIENS GUILDFORD

JO BLACK - MANNE 'LUNCH'

JO BLACK - KONSERT

RESEP VAN DIE MAAND

ONS JONG MENSE PRESTEER


HEMELVAART


DIE KRUIS TEEN DIE MUUR

INSPIRASIE VIR MEI

KONTAK ONS


# Gesamentlike Paasdiens. Guildford 2023






Gemeente lede van al drie wyke sit die saal vol by Kings College, Guildford

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION



Die voorsangers en manne koor
lei die lofprysing.

" He is not here; he has risen, just as he said.~
Matthew 28:6







Die erediens word gelei deur dr Ferdie Clasen en dr Rian Steyn.



Die rangskikking voor in die saal.

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

Ds Andrè Harmzen stel die Nagmaal in.



Ek is die opstanding en die lewe.
Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook.
Johannes 11:25

For God so loved the world that he gave his one and only Son, that whoever believes in him shall not perish but have eternal life.
John 3:16



Tannie Katinka en Max en Daisy vertel vir die jong span waaroor Paastyd gaan.



Die laaste keer wat die 3 Dominees saam die Paasdiens aanbied. Ons bid vir Ferdie en Lizelle seën en voorspoed toe op hul nuwe avontuur terug in SA.

Kruise en wit blomme versier die etenstafels....



SA GEMEENTE
SA CONGREGATION




# Jo Black-Manne 'Lunch'

## Live

8 Julie 2023

12:00-14:00

Manne kom luister na Jo se boodskap.

Sy tema is 'Be that guy...'.

Na die boodskap is daar heerlike boereworsrolle en baie geleentheid vir kuier en gesels.

Koste vir die kuier is £10/ persoon

Bespreek jou plek vir die 'Lunch' hier.

Roding Valley High School,

Loughton, IG10 3JA

(C) SA GEMEENTE NOORDWYK • MEI 2023




# Jo Black

## *Live*

8 Julie 2023

18:00-21:30  (deure open 17:30)

Roding Valley High School,

Loughton

IG10 3JA

Kostes £36/pp

**Moenie hierdie spesiale aand mis nie.**

***Koop jou kaartjie hier***

(C) SA GEMEENTE NOORDWYK • MEI 2023

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Resep van die Maand

## Dr. Hyman's Black Bean Soup

**Ingredients**

1 tablespoon extra-virgin olive oil
1 tablespoon garlic
1 small onion, diced
1 tablespoon cumin
2 (15-ounce) cans black beans
2 cups water or vegetable stock
1 bay leaf
1½ tablespoon wheat-free tamari
1 tablespoon lemon juice
Chopped fresh cilantro for garnish



**Method**

Heat the olive oil, over medium heat in a soup pot.
Add the garlic and onions, and cook until the onions are translucent.
Add the cumin, and sauté a few more minutes.
Add the canned beans, including their liquid, water or stock, and bay leaf.

Bring to a boil, reduce heat, and simmer for 10-15 minutes.
Add the tamari and lemon juice and simmer 1 minute more.

Serves 5-7

*Baie dankie Juanita Holloway vir die deel van jou staatmaker resep!*

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Ons Jong mense presteer....

Luïtha





Tjaart

Hermi Venter het in Maart haar bestuurslisensensie met die eerste probeerslag deur gekom. Baie trots



Luïtha, Celia en Tjaart Venter is deel van die 'Brentwood Imperial Youth Marching Band.' Hulle het in September 2021 aangesluit. Celia het in Maart haar offisiële 'band' uniform ontvang, 1 en 'n half jaar se harde werk en determinasie. Tjaart en Luïtha het al vir ‘n rukkie hulle uniform. Die kinders ontvang eers hulle uniforms wanneer hul goed genoeg musiek kan speel en marsjeer. Dit is 'n groot prestasie. By die Lente konsert, in Maart, het al 3 uiteindelik in uniform saam met mekaar gespeel. Luïtha speel drom, Celia klarinet en Tjaart trompet.





Celia

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Hemelvaart

## Geseënde Hemelvaart

### 18 Mei

O God wat hoop gee!
U liefde vir ons is vas en seker.
Dankie dat ons mag uitsien na die dag
wanneer trane, dood, pyn en chaos sal verdwyn.
Dankie dat ons intussen mag leef uit die versekering dat U getrou is.
U trou is elke môre nuut en groot.
Dit dra ons deur elke dag.
Laat ons nie so verstrik raak in aardse dinge
dat ons van U vergeet nie, Here.
Stel my in staat om te volhard tot die einde toe wanneer ons vir ewig
by Christus sal wees.
In Jesus Naam, Amen!

*Die twee mans sê toe: "Galilese manne, waarom staan julle na die hemel en kyk? Jesus is van julle weggeneem die hemel in. Hy sal egter net so terugkom soos julle Hom in die hemel sien ingaan het!" -Hand 1:11*

(C) SA GEMEENTE NOORDWYK • MEI 2023

# Die Kruis teen die Muur

'n Swem instrukteur van 'n Amerikaanse Universiteit kon een nag nie slaap nie. Hy besluit hy gaan swem. Om nie aandag te trek nie, skakel hy nie die ligte aan nie. Hy het die omgewing van die swembad soos die palm van sy hand geken. Hy klim op die duikplank, strek sy arms na weerskante uit en maak gereed om te duik.

Op daardie oomblik kom die maan agter 'n wolk uit en gooi sy liggaam se skaduwee teen die oorkantste muur. Die skaduwee lyk soos 'n kruis. Diep getref bly hy net so staan. Hy was nie 'n belydende Christen nie, maar daar op die duiktoring in die maanlig, in die stilte van die nag, dink hy aan Christus se kruis.

Woorde van 'n liedjie wat hy in die Sondagskool geleer het, kom in sy gedagte op: "Hy het gesterf, dat ek kon leef ..." Vreemd aangedaan, prewel hy die woorde. Hy besluit om af te klim en langs die swembad te gaan sit en die nuwe gedagtes wat so vreemd, skielik by hom opkom te gaan oordink.

Hy swaai sy bene oor die kant van die swembad om sy voete in die koel water te laat hang. Sy voete raak nie water nie. Dit is te donker om in die swembad te sien en hy klim stadig met die trappies af, een na die ander, tot op die bodem van die swembad.

Hy het nie geweet die swembad opsigter het die water uitgepomp om die volgende dag skoon water te laat inloop nie. Wat sou gebeur het as hy geduik het? Watter onuitspreeklike ingryping van genade wat hom weerhou het om te duik!

Diep aangedaan, kniel hy op die koue vloer van die swembad en dank God vir Sy groot en onverdiende ontferming. In sy hart wel 'n verlange op om nader aan hierdie God te kom. Sy geloof neem 'n verdere stap. Die skaduwee van die kruis het hom van 'n gewisse dood gered, so red Christus se kruisdood hom van die ewige dood.

*Alleen, op sy knieë in die donker op die swembad se vloer, maak hy sy hart oop en neem Christus Jesus aan as sy Saligmaker!*

(C) SA GEMEENTE NOORDWYK • MEI 2023

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

## KALENDER

7 MEI HUISKERK 9 UUR

14 MEI EREDIENS 9 UUR

21 MEI HUISKERK 9 UUR

28 MEI EREDIENS 9 UUR

## Inspirasie vir Mei




Matthew 21:22

## Gebed:

### Onse Vader

Ons Vader wat in die hemel is,
laat u Naam geheilig word;
laat u koninkryk kom;
laat u wil ook op die aarde geskied,
net soos in die hemel.
Gee ons vandag ons daaglikse brood;
en vergeef ons ons oortredings,
soos ons ook die vergewe wat teen ons oortree;
en laat ons nie in versoeking kom nie,
maar verlos ons van die Bose.
Want aan U behoort die koninkryk
en die krag
en die heerlikheid
tot in ewigheid.
Amen
Matt 6:9-16

## Gebedslys vir Mei

Bid vir:

- Die Owerhede
- Mense in leierskapsposisies

## Die Wonder van Gebed

Enigiemand kan bid. Jy het net 2 dinge nodig:

- Wees vasberade in jou geloof,
- Wees gewillig om vir ander in te tree.

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Kontak Andre Harmzen



Andrè Harmzen
16 Baldocks Road
Theydon Bois
CM16 7EB
Epos: andre@sagemeente.com

**Kontak ons:**
**Webblad:** noordwyk.sagemeente.com
**Facebook Blad:** SA Gemeente Loughton

**Erediens Tye**
Ons Eredienste is elke 2de en 4de Sondag van die maand om 09:00

**Adres:**
Theydon Bois Village Hall, Coppice Row
Theydon Bois, CM16 7ER

**Dankoffers.**
**Vir £10 Text RSAG002 na 70191**
Vir direkte inbetaling:
SA Congregation
HSBC
40-22-05
91374265

PayPal
Scan. Pay. Go.

**Jy kan ook deur Paypal betaal by:**
Paypal.me/SAGemeente
Sit net 'n beskrywing in die nota sodat ons weet waarvoor dit is.
Sê ook vir watter wyk- Loughton
**Stuur asb ook 'n epos na Marlene by bank@sagemeente.com met jou naam en wyk. (Loughton)**

# Kontak Ena



Ena Wassermann
Epos: ena@sagemeente.com
noordwyk@sagemeente.com